

## SEKSUELE ONTDEKKING

### Seksuele ontwikkeling by kleuters

"Mamma, ons het jou kleintjie in die badkamer gevang met 'n ander kleintjie peuter". Stil is die stem aan die ander kant. Verbasing, dan ongeloof en dan ontkennining. "Is jy seker dit is Anika?"

'n Oproep wat elke ouer vrees! Nie net dat ons kind dit doen nie, maar ook dat dit met my kind kan gebeur.

### Wanneer is dit onskuldige ontdekking en wanneer is dit meer ernstig?

Kinders ontwikkel baie vroeër as wat ons ontwikkel het en dus gaan ontwikkeling gepaard met nuuskierigheid. Mens kan maar net dogters vergelyk in die jare tagtigs met dogters in die negentigs en nou die twee duisends! Duidelik kan ons die fisiese verskille sien en dus kan ons ook verwag dat daar emosionele en sosiale veranderinge gaan wees.

Die ontwikkeling word egter deesdae bestempel as normaal.

### Wanneer moet ons as ouers bekommerd raak en wanneer kan ons dit bestempel as normale gedrag?

Die volgende is om u as ouer riglyne te gee oor wanneer om wat te verwag en hoe om dit te hanteer.

#### Wat is normale seksuele gedrag by kinders?

In die afdeling gaan ons slegs dek wat van toepassing is tot die ouderdom van 7 jaar, maar seksuele ontwikkeling gaan deur verskillende fases:

1. Baba
2. Peuter en Kleuterfase
3. Pre-puberteit
4. Volwassenheid.

Elke fase het 'n sekere gedrag wat geag word toepaslik te wees tot die ouderdom, maar soos wat kinders verskillend ontwikkel, kan dit gebeur dat 'n kind gedrag toon van die ouderdomsgroep onder of bo die kind se ouderdom.

#### Gedrag wat tipies met elke ontwikkelingsfase verband hou, sluit in:

#### Voorskoolse kinders - 0 tot 4 jaar

- Soen en druk ander;
- Is nuuskierig oor en kyk na ander se geslagsdele – het 'n beperkte begrip van privaatheid;
- Praat oor en wys na geslagsdele;
- Gebruik woorde soos 'poe-poe', 'boude' en 'privaat' (geslagsdeel) vrylik;
- Speel 'huis-huis' met ouer figure of 'dokter' speletjies;
- Wys, vat aan of vryf eie geslagsdele of masturbeer as 'n gewoonte.

## **Jong kinders - 5 tot 9 jaar**

- Soen en druk ander;
- Toon 'n nuuskierigheid in ander se geslagsdele, maar is bewus van die behoefte aan privaatheid;
- Praat oor en wys per geleenthed eie geslagsdele aan ander;
- Gebruik woorde soos 'poepoe', 'boude' en 'privaat' vrylik en wil "skok";
- Gebruik soms vloek- en/of 'seks' woorde wat by ander mense gehoor word;
- Speel 'huis-huis' met ouer figure of 'dokter' speletjies;
- Vat of vryf soms eie geslagsdele of masturbeer as 'n gewoonte.

Dit is normaal vir kinders van alle ouderdomme om te speel en te eksperimenteer met hulle eie en ander se liggame.

Sekere gedrag kan aandui dat 'n kind probleme ervaar met die hantering van sy eie seksualiteit. As jy bekommert is oor jou kind of onseker is oor hoe om sekere gedrag te hanteer, skakel asseblief vir Ferdinand vir meer inligting oor hoe om die situasie te hanteer.

## **Waarvan moet ouers bewus wees wanneer hulle, hulle kinders waarneem?**

### **Dit is belangrik om die volgende te vermy:**

1. Te oorreageer op normale gedrag;
2. Kritiek uit te spreek oor normale gedrag.

Indien situasies verkeerd hanteer word, mag dit lei daartoe dat die kind nie volwassenes vertrou nie.

Die kind mag onseker en angstig raak oor toekomstige verhoudings.

## **Watter soort gedrag moet ouers oor bekommert wees?**

- Gedrag wat buite die ouerdomverwante norm is;
- Wanneer die kind meer weet as wat hy veronderstel is om te weet;
- Interaksie met ouer kinders wat nie van pas is nie;
- Seksuele gedrag wat gepaard gaan met agressie;
- Gedrag wat die kind se normale ontwikkeling beïnvloed;
- Aanhoudende seksuele gedrag wat buite die norm is.

## **Wat moet jy doen as jy bekommert is oor jou kind se gedrag?**

- Praat rustig met jou kind en probeer uitvind wat gebeur het of aanleiding gegee het tot sy gedrag. Die kind mag dalk ongemaklik voel om oor die seksuele incident te praat, so let dus op jou stemtoon en liggaamstaal.
- Kinders besef nie altyd dat daar verskillend opgetree moet word in die publiek teenoor wanneer hulle by die huis is nie. Verduidelik aan hulle die verskil en waar hulle hoe moet optree.
- Kinders besef nie dat hulle gedrag en aksies ander kinders kan benadeel nie. Verduidelik net die nadelle en gevolge.